



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: DANSSTUDIES

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 11 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets-/eksamendoeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees deur die hele vraestel voordat jy dit beantwoord.
2. Lees die vrae deeglik deur.
3. Daar is VEERTIEN vrae in die vraestel.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Die punte word nie toegeken volgens 'een-feit-beginsel' nie. Brei uit en verduidelik so veel as moontlik.
7. Gebruik die punte uitleg van elke vraag om die tydsduur per vraag te bepaal.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: GESKIEDENIS**VRAAG 1**

As 'n Graad 12-leerling het jy in die dansklas die moontlike verskillende loopbane in dans bespreek. Om jou kennis te toets, beantwoord die vrae hieronder:

- 1.1 Identifiseer en beskryf TWEE loopbane in dans en gee 'n kort verduideliking oor wat die loopbane behels. (4)
- 1.2 Kies 'n loopbaan in dans wat jou die meeste interesseer en beantwoord die volgende vrae: (2)
 - 1.2.1 Verskaf die naam van die loopbaan in dans en verduidelik waarom jy hierdie spesifieke rigting aanloklik vind en hoekom jy dink dat jy vir hierdie loopbaan geskik is? (2)
 - 1.2.2 Wat is die tersiêre opleidingvereistes vir hierdie loopbaan? (2)
 - 1.2.3 Wat sal jou finansiële vereistes vir 'n tersiêre opleiding in dans wees? (2)
 - 1.2.4 Noem DRIE verskillende finansiële hulpbronne wat beskikbaar is en waarvoor jy aansoek kan doen. (3)

[15]

VRAAG 2

Kies **EEN** choreograaf uit die lys hieronder. **Skryf 'n artikel** vir 'n danstydskrif oor hierdie choreograaf. Sluit die volgende inligting, in geen besondere volgorde nie, in: Onthou om jou artikel 'n opskrif te gee en om die naam van die choreograaf na wie jy verwys, in te sluit. **MOET NIE nommers in jou antwoord gebruik NIE.**

Hieronder is 'n lys van die voorgeskrewe choreograwe en hul danswerke.

Suid-Afrikaanse choreograwe	Danswerke
Veronica Paeper	Orpheus in the Underworld
Vincent Mantsoe	Gula Matari
Alfred Hinkel	Last Dance (Bolero)
Sylvia Glasser	Transformations
Gary Gordon	Bessies Head
Mavis Becker	Flamenco de Africa
Hazel Acosta	Blood Wedding
Caroline Holden	Imagenes

Internasionale choreograwe	Danswerke
George Balanchine	Appollo or Agon
Alvin Ailey	Revelations
Martha Graham	Appalachian Spring or Lamentation
Christopher Bruce	Ghost Dancers or Rooster
Marius Petipa & Lev Ivanhof	Swan Lake
Vaslav Nijinski	Le Sacre du Printemps
Paul Taylor	Esplanade

- 2.1 Biografiese inligting, insluitende die land van oorsprong en loopbaan (opleiding, ondervinding) (3)
- 2.2 Sommige van die welbekende danswerke (3)
- 2.3 Invloede en medewerking (4)
- 2.4 Tydperk, sosiale en politieke konteks (4)
- 2.5 Bydraes tot die ontwikkeling van dans (4)
- Punte toegeken vir die aanbod van die inligting as 'n tydskrifartikel. (2)**
- [20]**

VRAAG 3

Regdeur jou studie van improvisasie, choreografie en komposisie, word daar van jou verwag om 'n joernaal te hou van al die werk wat jy gedoen het.

Vir die onderwyser om jou joernaal suksesvol te assesser, beantwoord die vrae hieronder:

- 3.1 Noem sommige van die dinge wat ingesluit moet word in jou joernaal wanneer jy jou choreografie doen. (3)
- 3.2 Verduidelik hoe toneelskikking, kostuum, beligting en rekwisiete jou choreografie sal verbeter. (3)
- 3.3 Noem VIER dinge wat georganiseer moet word vir die opvoering indien jou choreografie op die verhoog verskyn. (4)
- [10]**

VRAAG 4

Baie danse is ontwerp as deel van die rituele wat transformasie in ons lewens aantoon, bv. geloofseremonies, hofmaak-rituele, gebruike by geboortes en dood, temas rondom lewenssiklusse en sosiale verhoudings. Kies 'n dans wat jy bestudeer het en verduidelik hoe dit verband hou met transformasie rituele.

- 4.1 Noem en beskryf die dans, waar dit opgevoer word, hoekom en deur wie dit uitgevoer was. (3)
- 4.2 Watter musiekinstrumente word gebruik en hoe verbeter dit die dans? (3)
- 4.3 Noem algemene rituele elemente wat in hierdie dans geïdentifiseer kan word. (2)
- 4.4 Verduidelik die gebruik van simboliek in hierdie dans. (4)
- 4.5 Evalueer die betekenis van transformasie in hierdie dans vir die mense wat dit opvoer. (3)
- [15]**

VRAAG 5

Jy wil graag 'n dansgemeenskapsprojek in 'n minderbevoorregte gebied aanbied. 'n Plaaslike maatskappy het jou die gebruik van 'n groot, ongebruikte ruimte op hulle sakeperseel aangebied. Hulle het ingestem om jou te borg om 'n opheffingsprogram aan die gang te kry en versoek dat jy 'n voorstel indien van dit wat jy sou benodig om dit aan die gang te kry. Sluit die volgende by jou voorstel in:

- 5.1 Die naam en 'n kort verduideliking van die projek. (4)
- 5.2 Die behoeftes van die projek in detail (byvoorbeeld rolspelers en hulpbronne) en hoe jy die projek sal volhou. (3)
- 5.3 'n Verduideliking van hoe die gemeenskap sou baat en ook hoe die borg deur hulle bydrae sal baat. (3)
- [10]**

TOTAAL AFDELING A: 70

VRAAG 9

Musiek vorm 'n belangrike gedeelte van dans. Gebruik **EEN** van die danswerke wat jy bestudeer het as verwysing, en verskaf die volgende inligting:

(Onthou om die naam van die danswerk te gee.)

- | | | | |
|-----|--|-------------------------------|------------|
| 9.1 | 9.1.1 | Naam van die komponis | (1) |
| | 9.1.2 | Instrumentasie van die musiek | (2) |
| | 9.1.3 | Styl/genre | (1) |
| 9.2 | Bespreek hoe die musiek en dans mekaar komplimenteer.
Moet nie dieselfde danswerk gebruik as in VRAAG 2 nie. | | (3)
[7] |

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 10**

Pas **KOLOM A** met 'n geskikte antwoord in **KOLOM B**.

	KOLOM A		KOLOM B
10.1	Fleksie	A	'n Punt van artikulasie waar twee bene ontmoet
10.2	Depressie	B	Vermindering van die hoek (gradiënt) tussen twee beendere
10.3	Bulimia	C	Gegewe punt waar die spier begin
10.4	Ekstensie	D	'n Liggaamsdeel word laat sak
10.5	Ystertekort	E	Verbind been aan been
10.6	Plantaarfleksie	F	Om die hoek tussen twee bene te vermeerder
10.7	Oorsprong	G	Die hongerte van 'n os
10.8	Ligamente	H	Punt die tone
10.9	Hartspier	I	Bloedarmoede
10.10	Gewrigte	J	Dit het dieselfde gegroefde voorkoms as skeletspier

[10]

VRAAG 11

Lees die volgende gevalle-studie en beantwoord die vrae wat volg.

Die lewenstyl van Eloise

Eloise is 17 en wil 'n professionele danser word. Sy het goeie talent, maar het nie genoegsame vertroue in haar eie vermoë nie. Sy kom van 'n disfunksionele familie en het selfbeeld probleme – is altyd negatief oor haarself en voel magteloos. Sy sukkel om haar gewig laag te hou, en ooreet (4 – 5 maal per week), voel dan skuldig en vomeer dan somtyds. Sy is aanhoudend moeg en depressief, en slaap gedurende naweke wanneer sy nie partytjies met haar vriende hou nie. Sy rook baie. Sy sukkel altyd om enige huiswerk/projekte in te handig. Haar punte het verlaag. Sy kuier by vriende wat dagga rook en sy mag miskien dwelms gebruik. Sy kom nie gereeld dansklasse toe nie. (Sommige tye neem sy baie ekstra klasse in een dag en op ander kere bly sy weg of kom laat en kom ongeïnteresseerd voor). Sy sê dat sy graag haar fiksheid wil verbeter (veral kardiorespiratoriese), en gewig verloor, maar weet nie hoe om dit te doen nie. Sy is altyd siek of het 'n besering.

- 11.1 Identifiseer die probleme in Eloise se leefstyl. Staaf jou antwoorde. (3)
- 11.2 Watter EEN van hierdie probleme sal jy identifiseer as die mees deurslaggewend en nadelig vir haar gewone selfbestaan en gesondheid? Staaf jou antwoord. (3)
- 11.3 Om te begin om sommige van haar verkeerde gewoontes reg te maak, dink jy dat sy hulp van professionele gesondheidsmense nodig het? Indien wel, wat sal jy haar aanraai om te doen? (3)
- 11.4 Identifiseer enige positiewe aspekte van Eloise se houding of situasie. Hoe sal jy hierdie positiewe aspekte gebruik om haar aan te moedig? (2)
- 11.5 Eloise het 'n gewoonte van chroniese probleme met beserings opdoen. Dit kan te make het met haar huidige oefengewoontes of leefstyl. Watter veranderings sal jy haar aanraai om te maak aan haar oefenprogram EN leefstyl om beserings te voorkom? (4)

[15]

VRAAG 12



Hierdie prent toon 'n stil posisie in ewewig tussen twee dansers. Hul kernstabiliteit help hulle om in hierdie posisie te balanseer. Identifiseer die gewrig-aksie en die spier betrokke in die spesifieke posisie van die manlike danser. Maak 'n tabel soos in die voorbeeld hieronder om jou antwoord te begelei en gebruik dieselfde opskrifte. Maak seker jy maak 'n lys van SLEGS die gewrigte wat gevra word in VRAE 12.1 tot 12.4 hieronder.

Gewrig	Gewrig aksie	Naam van die spier
	Ekstensie	Posterior Deltoid

- 12.1 Aksie wat plaasvind in die manlike danser se knieë (2)
- 12.2 Aksie wat plaasvind in die manlike danser se enkels (2)
- 12.3 Aksie wat plaasvind in die manlike danser se regter skouer (2)
- 12.4 Aksie wat plaasvind in die manlike danser se linker elmboog (2)
- 12.5 Hoe sal jy kernstabiliteit aan 'n onervare danser verduidelik? (4)
- 12.6 Verduidelik EEN oefening wat die kernspiere sal versterk. (3)

[15]

VRAAG 13

Beserings kan beide dansers en atlete affekteer en wanneer dit nie behandel word nie, mag dit die einde van loopbane beteken. Dit is daarom belangrik dat alle dansers bewus is van die voorkoming, oorsake en behandeling van beserings.

Mary kla van pyn en ongemak in haar knieë gedurende praktiese lesse en vind dit moeilik om ten volle deel te neem. Die pyn hou aan na klas en raak al hoe erger.

- 13.1 Identifiseer en klassifiseer die tipe besering wat Mary mag hê. (1)
- 13.2 Identifiseer watter bindweefsel/s daarby betrokke mag wees. (1)
- 13.3 Gee 'n lys van die moontlike oorsaak/oorsake van die besering. (4)
- 13.4 Bespreek die voorkoming van, en onmiddellike tot langtermynbehandeling van hierdie tipe besering. (4)
- [10]**

VRAAG 14

Noem en verduidelik VIER tipes veilige strek-tegnieke wat gebruik kan word om buigsamheid in die gewigte te verhoog. Gee DRIE wenke vir veilige strek-werk.

[10]**TOTAAL AFDELING C: 60****GROOTTOTAAL: 150**